

DIE VERHAAL VAN JESUS DEUR DIE OË VAN MARKUS (4)

DIE VERHAAL VAN JESUS DEUR DIE OË VAN MARKUS (4) – Jan van der Watt

Episode 2 – Markus 2-3

Gaan Markus 2-3 vinnig deur en kyk of jy kan agterkom waaroor gaan die episode.....

.....

*Die koninkryk kom met die **krag van God self**: letterlik (genesings) en geestelik (preke). Kyk of jy 'n storie uit die volgende grafiese uiteensetting kan kry.....*

.....

.....

- Jesus genees die *lam* man... en **vergewe sonde** (2:7,10)
- Jesus roep 'n *tollenaar*... Hy kom vir die **geestelik siekes** (2:17)
 - Dus: die **feestyd** is hier (2:19,22)

- Jesus gee nuwe betekenis aan godsdiens – Hy is Here van die **sabbat** (= Joodse wetsgodsdiens – 2:27; 3:4)
 - Reaksie: Jesus is die **Seun van God** (3:11)

[Jesus kies sy dissipels – 3:13-19]

- Jesus is aan die kant van die **Heilige Gees** (3:23,28-29)
 - Dus: Jesus begin die **familie van God** (3:34)

Kyk na die storie: Jesus kom en genees 'n lam man (fisies) en dan roep hy 'n tollenaar as dissipel – iemand wat as sondaar in die gemeenskap gesien is. Geestelik kom genees Hy mense en maak hulle sy volgelinge. Die koninkryk kom vir almal... Dit is 'n nuwe tyd wat aanbreek: 'n feestyd waarin mense nuut moet optree, want dit Koning is hier.

En dan kry ons die verwysing na die sabbat – die sabbat was die groot teken van die wettiese godsdiens van die Jode... Jesus kom verander dit; nie meer wetstyd nie, want dit is feestyd. Hier kry ons dus die eerste duidelike teken dat Jesus die godsdiens totaal nuut kom maak het. Nie wette nie, maar sy teenwoordigheid verander alles. Mense kom dus in groot getalle na Jesus toe.

Hoe kry Jesus dit reg? Hy werk deur die Heilige Gees. Dis God wat werk.

God wat werk... om sy nuwe familie, sy kinders, hier op aarde bymekaar te maak.

Wat 'n illustrasie van God se krag wat deur Jesus in hierdie wêreld inkom en alles kom verander, siekes, sondaars, wette, godsdiens. Dit is feestyd wat die Bruidegom is hier! God se familie moet deur die krag van die Gees bymekaar kom en feesvier.

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)

DIE VERHAAL VAN JESUS DEUR DIE OË VAN MARKUS (3)

DIE VERHAAL VAN JESUS DEUR DIE OË VAN MARKUS (3) – Jan van der Watt

DEEL 2 – DIE INHOUD VAN MARKUS 1:1-8:21

Ons gaan nou sistematies deur die Evangelie beweeg – ons gaan kyk watter klein vertellings daar is en hoe dit saamhang om die boodskap van die groter episode te vorm. Laat ons begin.

NOTA: omdat ons tyd min is, is hierdie net 'n oorsig. Net van die hoofpunte word genoem. As jy meer tyd het, lees die Evangelie in meer detail (met ander woorde, lees die dele in die Bybel deur, merk wat jou tref, ens.).

–ooo000ooo–

Episode1 – Markus 1

Gaan Mk 1 vinnig deur... waarom dink jy gaan dit hier?.....

'n Klomp dinge gebeur hier: Johannes die Doper...Jesus se doop... versoeking... preek... dissipels word gekies...Jesus begin genees.. en preek nog verder...

a) Veral twee dinge is belangrik om op te let:

- Al die dinge wat Jesus gereed maak om te begin, gebeur.
 - Sy **boodskapper** kom en kondig hom aan soos die profete voorspel het (1:2,7);
 - Jesus word **gedoop** “gesalf” om met sy werk te begin (1:9-11)
 - Jesus **ontmoet** sy **vyand** (1:12-13)
 - Jesus kry sy groep mense (**dissipels**) bymekaar (1:16-20).

Nou is Jesus reg om te begin werk. Hy is aangekondig en “gesalf” het sy eie mense by

Hom en ken sy vyand...

- Dan doen Jesus wat Hy gekom het om te doen – Hy **preek** (1:14-15, 32-39) en Hy **genees** (1:21-45).

b) Maar daar is 'n verhaal agter die verhaal: kyk wat sê almal:

- Johannes die Doper (1:2,7).....
- God uit die hemel (1:10).....
- Besetene (1:24, 27).....
- Die melaatse (1:40).....

Daar is drie sterk getuïenisse: Van God se boodskapper, van God self en van die duiwels. Die sieke eggo dit dan. Die storie agter die storie is: die waarheid en getuïenis oor wie Jesus is weergalm uit hemel en hel. Dit is nie mensewerk nie, maar God se werk.

c) Aan die einde sê Jesus 'n snaakse ding. Lees 1:44... moet vir niemand sê nie. Watter predikant preek en sê dan: moet vir niemand sê nie? Waarom dink jy sê Jesus dit?.....

Moet vir niemand sê nie... hierdie opdrag kom 'n paar maal in Markus voor. Ons noem dit die "Messiasgeheim". Die rede daarvoor hang saam met ons "wiplank" styl waarin Markus geskryf is. In die eerste deel word Jesus as buitengewoon suksesvol geteken. Hy doen wonders en behaal sukses. As jy nou oor Jesus praat, sal jy net 'n boodskap van wonders en sukses hê: "Jesus die wonderwerker" wat alles net altyd goed laat gaan. MAAR in die tweede deel kry ons 'n ander prentjie. Jesus word gevang en hang magteloos aan die kruis. Hy ly en word deur sy eie mens in die steek gelaat. Dit is 'n ander lydende Jesus hierdie. As jy nou moet vertel wie Jesus is, is Hy nie die wonderwerker nie, maar die Een wat ly. Wat is die ware prentjie: beide dele – Jesus is die Seun van God wat wonders doen, maar ook die mens wat vir ons ly. Die twee fasette vorm saam die boodskap oor wie Jesus is. Hy is Seun van God wat as mens vir ons kom ly. Daarom moet jy nie te gou praat nie... wag tot jy die hele boodskap het, anders verkondig jy dalk net die helfte van die boodskap. Bly stil tot jy die "hele" Jesus ontdek het. Dan kan jy praat, soveel jy wil.

Ons gaan nou na mekaar die verskillende episodes hanteer.

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)

DIE VERHAAL VAN JESUS DEUR DIE OË VAN MARKUS (2)

DIE VERHAAL VAN JESUS DEUR DIE OË VAN MARKUS (2) – Jan van der Watt

ii) Hoe lyk die Markusevangelie op die oog af?

a) Wat is die doel?

In Mk 1:1 staan: *Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God, begin só...*

- Daar is geen geboorteverhaal van Jesus nie, wat beteken dat die evangelie sonder 'n geboorteverhaal van Jesus en sonder verhale van sy kinderdae vertel kan word. Die “evangelie” begin hier met Johannes die Doper.
- Hoe lyk die inhoud van die evangelie? Byna die helfte gaan oor Jesus wat Jerusalem toe gaan om gekruisig te word. Daarom word daar dikwels gesê dat Markus 'n *lydensverhaal* met 'n inleiding is. Die hele klem lê dus op Jesus wat kom sterf en opstaan. Lees bv. **Mk 8:31**.
- Die doel blyk tog te wees: om die verhaal van Jesus te vertel in die lig van wat Hy kom doen en sê het om so die nuwe wêreld van God (die koninkryk van God) tussen die mense te kom aankondig en vestig. (Lees **Mk 1:15** en kyk wat het Hy gesê). Dit sluit sy preke, sy wonders en ook sy dood en opstanding in.

b) Hoe lyk die indeling van Markus?

As mens sommer net deur Markus blaai, lyk dit effens deurmekaar, want dit is preke,

wonders, gelykenisse, wat mekaar so afwissel. Maar 'n mens moet jou nie laat bluf nie. Daar is 'n baie sistematiese patroon in die Evangelie.

Markus het 'n "wiplank" struktuur.


- Van **Mk 1:1-8:21** word die suksesvolle optrede van Jesus beskryf. Hy doen wonders, preek pragtig, bring 'n nuwe boodskap... dit lyk of daar min keer aan Hom is. Die "wiplank" gaan net op en op.
- Van **Mk 8:22-16:20** begin dinge anders lyk. Jesus begin in die rigting van Jerusalem gaan en die skaduwee van die kruis begin oor Hom val. Die opposisie word al hoe groter tot dit Hom aan die kruis laat vasspyker. Die "wiplank" gaan af en af.

Die twee sye van Jesus – die op en af – vertel vir ons wie die Seun van God (Mk 1:1) presies is. Die een sy kan nie sonder die ander sy nie, anders het 'n mens nie 'n volledige prentjie van die Seun van God nie.

c) Markus is 'n "periodiese vertelling"

Daar is baie maniere om 'n storie te vertel. Markus het gekies om dit in sulke blokke (periodes) te vertel. Hy sit 'n klomp klein stories en gebeure saam om een sentrale boodskap te beklemtoon. Jy moet dus die klein stories en gebeure saam lees en in verhouding met mekaar verstaan om die groter boodskap te snap. So is daar paar sulke "blokke" of periodes wat elkeen 'n sentrale boodskap het. Uiteindelik moet ons weer die boodskap van die afsonderlike "blokke" saam lees om die hele boodskap van Markus te snap. Ons gaan dit in die volgende twee dele so doen.

Dus:



As jy nog tyd het, lees asseblief (ter voorbereiding vir volgende keer) Markus 1:1-8:21 deur. Sê wat jou indruk is van die “prentjie” wat Markus van Jesus teken.....

.....

.....

VOLGENDE KEER BEGIN ONS NA DIE INHOUD VAN DIE MARKUSEVANGELIE KYK.

SKRYWER: [PROF JAN VAN DER WATT](#)

DIE VERHAAL VAN JESUS DEUR DIE OË VAN MARKUS (1)

DIE VERHAAL VAN JESUS DEUR DIE OË VAN MARKUS (1) – Jan van der Watt

DEEL 1 – VERSKEIE EVANGELIES MET EEN BOODSKAP

i) Waar kom die Evangelies vandaan?


Die mense het nie destyds boeke geskryf soos ons nie – die meeste kon nie skryf nie en die materiaal was baie duur. (Daar was nie CNA's waar mens vinnig papier kon koop nie). Omdat alles nie neergeskryf is nie, is die mense van kleins af geleer om te **onthou** – hulle moes dinge memoriseer. (Daar word vertel dat van Griekse kinders verwag is om bv. die Iliad – 'n reuse dik boek – te memoriseer). Juis omdat niks neergeskryf is nie, was dit 'n **storiekultuur**. Die aand om die vuur is die stories wat belangrik

was oor en oor vertel en die mense het daaruit geleer. So deur en saam met stories het hulle baie belangrike kennis opgetel oor die lewe.

So het dit ook gewerk met Jesus. Hy het niks neergeskryf nie. Sy dissipels het alles gehoor en... onthou. Na Jesus se hemelvaart het die dissipels die verhale oor wat Jesus gesê en gedoen het, oorvertel aan die Christene. Hulle het dit weer onthou en vir ander vertel. Dit was die eerste wortels van die Evangelies – die verhaal van Jesus was in die koppe van die Christene bewaar. Die dissipels/apostels het gesorg dat die ouens nie sommer die stories verander nie. Hulle was die waarborg vir die waarheid van die stories.

Toe die apostels begin doodgaan en die kerk begin uitbrei het dit nodig geword om 'n ander plan te maak – die verhale is neergeskryf. So is die verhale “bewaar” – nou kan mense dit nie verander nie en het dit outentiek gebly soos die dissipels dit vertel het. Markus was die eerste evangelis wat die verhaal van Jesus neergeskryf het. (Die Markusevangelie is dus ons oudste evangelie). Dit het so 30-40 jaar na Jesus se hemelvaart gebeur, dus so tussen 60 en 70nC. Dit is belangrik om net weer te sê: die evangelie het nie toe tot stand gekom nie. Dit is net toe neergeskryf. Dit wat van die begin af in die geheue van die Christene was en elke dag aan mekaar oorvertel is, is toe net neergeskryf.

Dus:



Hoewel dit altyd moeilik is om vas te stel wie 'n boek geskryf het (hoe weet 'n mens presies as jy nie die persoon self sien skryf het nie), is daar tradisioneel aanvaar

dat **Markus** die skrywer was. Dit is ook nie seker waar hy presies was toe hy die evangelie geskryf het nie, maar Antiogië aan die Orontes (die hoofstad van Sirië) is 'n goeie moontlikheid. Dit was in die eerste eeu die hoofstad van die Christene buite Jerusalem en was ook die stad vanwaar Paulus sy sendingreise onderneem het.

Die kerkvader Eusebius haal vir Papias aan wat weer by iemand anders gehoor het dat 'n ouderling die Evangelie geskryf het. **Markus**, volgens die berig, was Petrus se interpreteerder en het alles mooi en akkuraat opgeskryf. Hoewel daar baie onsekerheid bestaan oor wie die skrywer was, kon dit die Markus wees van wie ons in die Bybel lees.

Lees die volgende gedeeltes en teken dan jou prentjie van die moontlike skrywer: **Hand 12:12** – sy familiebande; **Hand 13:5,13** saam met **Hand 15:37** – sy sendingwerk; **1 Pet 5:13** – sy verhouding met Petrus; **Hand 15:37-39** – Paulus se indruk van hom; **Ko1 4:10** – Paulus maak tog vrede.....

.....

VOLGENDE KEER KYK ONS VERDER NA DIE MARKUSEVANGELIE.

SKRYWER: [PROF JAN VAN DER WATT](#)